

Vrydag 6 September

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31

Fokusgedeelte: Romeine 3:21-22

Maar nou ... vrygespreek deur geloof in Christus Jesus alleen!

Maar nou ...

Seker van die genadigste woorde in die hele Bybel, want hier vind 'n onmiddellike verandering plaas! Een oomblik is die mens, ek en jy, nog in die hof voor die aanklaer, die volgende oomblik is ons vrygespreek. Die een oomblik is ons nog skuldig aan die ewige dood, die volgende oomblik ontvang ons vergifnis van al ons oortredings. Almal, Jood en nie-Jood, *almal wat in Jesus Christus glo*, ontvang vryspraak van die ewige dood. (Mens wonder waar ons sou wees as hierdie *maar nou-genade* van God nooit plaasgevind het nie. Dalk sou ons ook maar moes probeer om al die baie wette na te kom om saligheid te verkry.)

Maar nou ... het ons God van genade in hierdie wanhopige situasie ingegryp.

Maar nou ... het ek en jy, vandag reeds, deel aan hierdie onbeskryflike groot genade van God.

Nie op grond van enige van ons werke of eie verdienste nie, maar op grond van God se genade! Nie deur die wet te onderhou nie, maar deur die geloof wat die Heilige Gees aan ons geskenk het om in Christus as Verlosser te glo.

Maar nou ...

Besef ons dat ons reeds die geregtigheid van God, in en deur sy Seun Jesus Christus, ontvang het?

Beleef ons nou reeds die vryspraak wat uit genade aan ons geskenk is?

Bewys ons daaglikse lewe en optrede aan die wêreld daarbuite dat ons in geloof leef?

Bely en getuig ons van hierdie wonderlike liefde wat – gratis, vry en verniet – aan ons gegee is?

Bewonder, loof en prys ons ons Here, wat die ewige lewe vir ons aan die kruis bewerkstellig het?

Maar nou ...

Moet ons in die besef staan van wie ons in Christus is.

Moet ons tot werklike en opregte en dankbare aanbidding oorgaan.

Moet ons as vrygespreekte kinders van God leef!

Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2, 4

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)